# APPENDIX H

# Verneujk Pan Trust Deed Document

G.P.-S003-0148 J 246

# DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# MAGTIGINGSBRIEF

Ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988)

**No. IT311/99**

Hiermee word gesertifiseer dat **CHAREL ANDRIES BRUWER; HENDRIK CORNELIUS LE ROUX**

gemagtig word om as trustee(s) van die **VERNEUJK PAN TRUST,** op te tree.

GEGEE onder my hand te **KIMBERLEY** op hede die **29ste** dag van **NOVEMBER 1999.**

MASTER OF THE SUPREME COURT
PRIVATE BAG/PRIVAATSAK X5015
1999 -11- 29
KIMBERLEY 8300
MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Asst. MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
(KIMBERLEY, NOORD-KAAPSE AFDELING)

# VERNEUJK PAN TRUST


**LE ROUX & GENOTE ING.**

*PROKUREURS, NOTARISSE, BOEDELBEREDDERAARS AFSLAERS*
*ATTORNEYS, NOTARIES, ADM OF ESTATES, AUCTIONEERS*
*POSBUS / BOX 159: TEL 431 0823/4 (054) FAKS: 431 0790*
*E-pos lerouxgenote@electronet.co.za*
KAKAMAS 8870
NOORD KAAP / NORTHERN CAPE

# SERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende,

TOBIAS HENDRIK LE ROUX

PUBLIEKE NOTARIS, behoorlik be-edig en toegelaat en woonagtig en praktiserend te VOORTREKKERSTRAAT, KAKAMAS, PROVINSIE NOORD KAAP, sertifiseer hiermee dat die aangehegte afskrif van die TRUSTAKTE van

**VERNEUJK PAN TRUST**

'n ware en volledige afskrif is wat in alle opsigte ooreenstem met die oorspronklike TRUSTAKTE geregistreer by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te KIMBERLEY.

GETEKEN te KAKAMAS op hierdie 15th DAG van November 1999

PUBLIEKE NOTARIS

TOBIAS HENDRIK LE ROUX
NOTARIUS PUBLICUS
KAAP ★ CAPE

# TRUSTAKTE

===========

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS VAN STIGTING VAN 'N TRUST AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

**ADOLF HESSELMANN BURGER**
**Identiteitsnommer 390531 5026 002**

(SAKEMAN VAN KAKAMAS IN DIE AFDELING VAN KENHARDT

*(Hierinlater na verwys as die SKENKER)*

MET

**CHAREL ANDRIES BRUWER**
**Identiteitsnommer 561220 5047 001**

**en**

**HENDRIK CORNELIUS LE ROUX**
**Identiteitsnommer 631129 5081 009**

*(Hierinlater na verwys as die TRUSTEES)*

ten behoewe van:-

**DIE BEVOORDEELDES HIERNA IN PARAGRAAF 1.2. AS BEGUNSTIGDES BENOEM**

*(Hierinlater na verwys as die BEGUNSTIGDES)*

MPC JCS

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS

**AANGESIEN** die SKENKER begerig is om 'n TRUST by wyse van 'n skenking aan die TRUSTEES te skep met die doel om 'n Trustfonds daar te stel om die inkomste- en kapitaalbegunstigdes ( *Hierinlater gesamentlik na verwys as die BEGUNSTIGDES* ) te bevoordeel, onderhewig aan die voorwaardes wat deur die SKENKER bepaal is en wat in hierdie Trustakte vervat word;

**EN AANGESIEN** die TRUSTEES hulself bereid verklaar het om as TRUSTEES in terme van hierdie Trustakte op te tree en om die skenking te aanvaar en dit ten behoewe van die BEGUNSTIGDES te hou en te administreer en aan te wend, onderhewig aan die voorwaardes wat deur die SKENKER bepaal is en soos dit in hierdie Trustakte aangeteken is;

**NOU DERHALWE GETUIG HIERDIE AKTE SOOS VOLG:**

## 1. WOORDOMSKRYWINGS

1.1. In hierdie Trustakte, tensy uit die samehang anders blyk :-

1.1.1. sluit woorde wat die enkelvoud of manlik aandui, ook die meervoud en vroulik in en omgekeerd;

1.1.2. verwys persone in soverre begunstigdes bedoel word, slegs na natuurlike persone en Trusts met slegs natuurlike persone as begunstigdes;

1.1.3. sluit enige verwysing na persone anders as begunstigdes, ook regspersone en Trusts in;

1.1.4. sluit 'n verwysing na maatskappye ook beslote korporasies en ander regspersone in en sluit 'n verwysing na aandele ook ledebelange in, indien van toepassing.

1.2. Die volgende uitdrukkings sal die volgende betekenisse hê :-

| | |
|---|---|
| **TRUSTEESKAP** : | Verwys na die amp wat die TRUSTEES van die Trust beklee; |
| **TRUSTEES :** | Verwys na die ampsbekleërs van die Trustamp en sluit in die eerste TRUSTEES en enige verdere of latere TRUSTEES wat in hierdie hoedanigheid van tyd tot tyd optree; |

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS KAAP CAPE

**BEGUNSTIGDES :** Verwys na inkomste en / of kapitaalbegunstigdes na gelang die uitdrukking begunstigdes in die Trustakte in 'n inkomste of kapitaal konteks gebruik word en sluit die volgende begunstigdes in;

**INKOMSTEBEGUNSTIGDES :** Verwys na die natuurlike persone wat ingevolge die diskresionêre magte waarmee die TRUSTEES beklee is, uit die inkomste van die Trust bevoordeel kan word, welke begunstigdes, bykomstig tot die kapitaalbegunstigdes, mag bestaan uit enige bloed- of aanverwante van die aanvanklike TRUSTEES vermeld in hierdie ooreenkoms of enige Trust geskep ten behoewe van enige van die voormelde BEGUNSTIGDES en sluit in die aanvanklike TRUSTEES; en

**KAPITAALBEGUNSTIGDES:** Verwys na die natuurlike persone aan wie die kapitaal van die Trust by be-eindiging daarvan, kragtens die bepalings van die Trustakte oorgemaak sal word, naamlik :

a. **CHAREL ANDRIES BRUWER JNR - IDENTITEITSNOMMER 911104 5008 089**

b. **Die wettige afstammelinge van die begunstigde onder a. hierbo;**

c. **Enige Trust geskep ten behoewe van enige begunstigde of groep begunstigdes vermeld in a. en b. hierbo, kragtens die bevoegdhede aan die TRUSTEES verleen kragtens hierdie akte of andersins;**

| | |
|---|---|
| **TRUSTGOED:** | Verwys na die bate van die Trust wat in die TRUSTEES vestig of waarop hulle 'n vorderingsreg het, insluitend voorwaardelike regte, naamlik die aanvanklike skenking en enige toevoegings daartoe, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings ookal afkomstig mag wees. Inkomste van die Trust wat nie binne ses ( 6 ) maande vanaf die einde van die Trust se finansiële jaar deur die TRUSTEES toegeken word nie, sal deel van die trustgoed van die Trust uitmaak. |
| **TRUSTFONDS:** | Verteenwoordig die trustbate min die trustlaste, d w s die netto trustbate. |
| **TRUSTDOKUMENT:** | Verwys na hierdie Trustakte in sy geheel; |
| **VESTIGINGSDATUM:** | Beteken die datum waarop die Trust met betrekking tot die Trustfonds ten einde loop in die geheel of gedeeltelik, op welke datum die netto bate van die Trust aan die kapitaalbegunstigdes vir wie dit afgesonder is, oorgemaak word en in hulle vestig, naamlik enige van die volgende datums:- |

a. Die datum waarop die TRUSTEES tussentydse uitkerings van trustgoed ingevolge die bevoegdhede waarmee hulle beklee is, aan begunstigdes sal maak; of

b. Die datum wat die TRUSTEES in hulle uitsluitlike diskresie te eniger tyd mag vasstel as die vestigingsdatum ten opsigte van 'n gedeelte of die geheel van die Trustfonds; of

c. Die datum van oorlye van die langslewende van

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS

**CHAREL ANDRIES BRUWER - Identiteitsnommer 561220 5047 001**

**en**

**HENDRIK CORNELIUS LE ROUX - Identiteitsnommer 631129 5081 009**

onderhewig aan para 22 van hierdie Trustakte en onderhewig daaraan dat die TRUSTEES daarna die Trust ten behoewe van 'n BEGUNSTIGDES kan voortsit tot op sodanige tydstip as wat hulle dit wenslik ag om die Trust te be-eindig

## 2. SKEPPING EN NAAM VAN TRUST

'n Trust word hiermee geskep onder die naam van **VERNEUJK PAN TRUST**

## 3. SKENKING

Die SKENKER skenk hiermee aan die TRUSTEES die bedrag van **R 100-00** welke skenking gemaak en deur die TRUSTEES aanvaar word vir doeleindes van die Trust en welke skenking die aanvanklike Trustfonds verteenwoordig. Enige toevoegings tot die Trustfonds, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig mag wees, vorm deel van die Trustfonds as dit deur die TRUSTEES aanvaar word en word onderhewig aan die bepalings van hierdie Trustakte deur die TRUSTEES gehou en ge-administreer.

## 4. VESTIGING VAN REGTE OP TRUSTGOED / TRUSTFONDS

Die Trustfonds vestig in die TRUSTEES. Tydens die duur van die Trust is die TRUSTEES verplig om alle bate van die Trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die TRUSTFONDS in besit te neem en in bewaring te hou.

## 5. TRUSTEE: GETAL EN BE-EINDIGING VAN AMP EN OPVOLGING

5.1. Die eerste TRUSTEES, synde die aanvanklike TRUSTEES hierintevore na verwys, van hierdie Trust is :

**CHAREL ANDRIES BRUWER**
**HENDRIK CORNELIUS LE ROUX**

5.2. Daar moet te alle tye minstens **TWEE** en hoogstens **VYF** TRUSTEES in amp wees met dien verstande dat ingeval daar slegs een TRUSTEE oorbly weens bedanking of dood van 'n mede-TRUSTEE, die oorblywende TRUSTEE gemagtig is om alle magte van die TRUSTEES uit te oefen vir die behoud en administrasie van die Trustbate / fonds tot tyd en wyl 'n verdere TRUSTEE aangestel is. Indien slegs een TRUSTEE in amp is, is sodanige TRUSTEE verplig om 'n verdere TRUSTEE binne negentig (90) dae na die uittrede of afsterwe van die ander TRUSTEE aan te stel, by ontstentenis waarvan die dienende ouditeur van die Trust na eie keuse self as tweede TRUSTEE sal optree of 'n tweede TRUSTEE van sy keuse kan aanstel. Solank daar slegs een TRUSTEE in amp is, sal sodanige TRUSTEE, terwyl hy alleen ageer, geen geldige besluit kan neem rakende die verdeling van inkomste of kapitaal of wysiging van die Trustakte nie.

5.3. Die aanvanklike TRUSTEES sowel as daaropvolgende TRUSTEES is geregtig om bykomstige TRUSTEES van hule keuse te benoem en aan te stel, onderhewig daaraan dat **CHAREL ANDRIES BRUWER** die reg en bevoegdheid het om :

5.3.1. Kragtens testament of gedurende sy leeftyd skriftelik bykomstige of nuwe TRUSTEES aan te stel in die plek van enige TRUSTEE wat te sterwe kom of wie se amp ontruim is om welke rede ookal;

5.3.2. Gedurende sy lewe skriftelik enige TRUSTEE te ontslaan en iemand anders in sy plek aan te stel;

5.3.3. Kragtens testament of gedurende sy lewe skriftelik enige ander persoon of persone ( insluitend 'n persoon of persone wat een van die begunstigdes mag wees of word ) aan te stel om die regte wat **CHAREL ANDRIES BRUWER** ontleen aan 5.3.1. en 5.3.2. hierbo en hierdie paragraaf, uit te oefen.

5.3.4. Indien enige van die eerste / aanvanklike TRUSTEES 'n egpaar is, sal 'n toekomstige gade van die langslewende van sodanige egpaar nooit kwalifiseer om as TRUSTEE van die Trust op te tree nie;

5.4. 'n Opvolgende TRUSTEE het alle magte en is onderhewig aan alle pligte van 'n TRUSTEE van die Trust, ewe asof hy een van die eerste / aanvanklike TRUSTEES van die Trust was.

5.5. 'n TRUSTEE hou op om 'n TRUSTEE van hierdie Trust te wees:

5.5.1. As hy as TRUSTEE bedank, wat hy geregtig is om te doen deur skriftelik kennis te dien effekte aan sy MEDE-TRUSTEES te gee;

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLIEK

5.5.2. As hy as geestelik versteurd gesertifiseer word;

5.5.3. As sy boedel gesekwestreer word of as hy sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers oorgee of as hy 'n kompromis met sy skuldeisers aangaan of 'n ander daad van insolvensie pleeg;

5.5.4. As hy ingevolge die bepalings van die Maatskappyewet nie kwalifiseer om as direkteur van 'n maatskappy diens te doen nie.

## 6. SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES

'n TRUSTEE wat as sodanig diens doen, hetsy 'n eerste / aanvanklike TRUSTEE, hetsy 'n bykomstige TRUSTEE of 'n opvolgende TRUSTEE, word daarvan vrygestel om sekuriteit aan die Meester van die Hooggeregshof of enige ander instelling of persoon kragtens die Wet op Beheer van Trustgoed Nr 57 van 1988, of enige ander statutêre bepaling vir die behoorlike nakoming van sy pligte as TRUSTEE, te verskaf.

## 7. AFWESIGHEID VAN TRUSTEE

'n TRUSTEE wat tydelik nie beskikbaar is nie, is geregtig om 'n mede- TRUSTEE by wyse van 'n skriftelike volmag te magtig om in sy plek op te tree. As alle diensdoende TRUSTEES aldus afwesig is, is hulle geregtig om deur 'n gesamentlike volmag 'n ander persoon of persone te magtig om tydelik namens hulle as TRUSTEES op te tree.

## 8. BESLUIT VAN TRUSTEES EN ADMINISTRATIEWE FUNKSIES EN BEVOEGDHEDE

8.1. Waar daar in hierdie akte verwys word na die diskresie van TRUSTEES, beteken sodanige diskresie 'n uitsluitlike en absolute diskresie;

8.2. Onderhewig daaraan dat die TRUSTEES deurgaans gevolg sal gee aan die doelstellings van die Trust, is hulle geregtig om in die behartiging en administrasie van die sake van die Trust sodanige beleidsrigtings te volg en prosedures neer te lê en administratiewe stappe te neem as wat hulle van tyd tot tyd wenslik ag;

8.3. Enige TRUSTEE is te alle tye geregtig om met 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing aan alle TRUSTEES die TRUSTEES vir 'n vergadering byeen te roep;

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS

8.4. Die vereiste kworum vir enige vergadering van TRUSTEES sal die meerderheid van diensdoende TRUSTEES wees en waar slegs twee TRUSTEES in amp is, sal sake deur 'n eenstemmige besluit van albei hanteer word.

8.5. Alle besluite en optredes van die TRUSTEES sal by wyse van meerderheidstem geskied, mits die stem van **CHAREL ANDRIES BRUWER** een van die meerderheidstemme is. Indien 'n meerderheidstem of 'n eenparige besluit nie in verband met enige saak verkry kan word nie, moet die aangeleentheid verwys word na 'n senior Prokureur of senior advokaat en by ontstentenis van eensgesindheid in hierdie verband, na 'n senior Prokureur of advokaat aangewys deur die voorsitter van die Sirkel of Balieraad geleë binne die jurisdiksie van die Meester van die Hooggeregshof waarin hierdie Trustakte geregistreer is. Die Prokureur of Advokaat aan wie die dispuut voorgelê word, se beslissing is finaal en bindend op al die TRUSTEES;

8.6. 'n Besluit wat op skrif gestel is en deur al die TRUSTEES onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering geneem;

8.7. Die TRUSTEES is verplig om alle besluite aangaande trustsake in 'n notuleboek aan te teken en in hierdie verband sal dieselfde prosedure gevolg moet word as wat maatskappye verplig is om te volg ingevolge artikel 204 van die Maatskappyewet Nr 61 van 1973, of latere wysigings van hierdie Wet;

8.8. Die TRUSTEES vergader minstens een maal per jaar en neem besluite oor die aanwending en / of toekennings van inkomste in die Trust verdien. Die datum van sodanige vergadering word vir alle doeleindes geag 'n vergadering te wees waarvan die besluite geneem is op die laaste dag van die betrokke finansiële jaar van die Trust;

8.9. Die TRUSTEES is geregtig om een of meer van hulle te magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat nodig mag wees by die administrasie van die Trust en ter uitvoering van enige transaksie wat verband hou met die Trust se sake, namens die TRUSTEES te teken en enige besluit wat deur die TRUSTEES gesertifiseer is as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n besondere vergadering / besluit van al die TRUSTEES, het in alle opsigte die regskrag van 'n besluit geteken deur al die TRUSTEES.

MPC JCS

TOBIAS HENDRIK LE ROUX
NOTARIUS PUBLICUS
KAAP * CAPE

9. **MAGTE VAN DIE TRUSTEES**

9.1. Die magte van die TRUSTEES word ampshalwe aan hulle toegeken en kan nie aangewend word om hulle in hul persoonlike hoedanigheid of hulle boedels te bevoordeel nie.In die mate wat hulle die mag het om oor die TRUSTFONDS te beskik, kan die beskikking slegs binne die raamwerk van die Trust geskied en kan so 'n beskikking nie tot voordeel van die TRUSTEES persoonlik of hul boedels geskied nie, behalwe waar 'n TRUSTEE uitdruklik as 'n inkomstebegunstigde of 'n kapitaalbegunstigde genomineer is. Die omvangrykheid van die magte wat in die TRUSTEES setel, moet te alle tye so vertolk word dat die essensie van die Trust, naamlik die bevoordeling van die trustbegunstigdes, nie leed aangedoen word nie;

9.2. Die TRUSTEES het te alle tye sodanige magte as wat nodig is om die TRUSTFONDS ten beste voordeel van die begunstigdes te administreer en om met die TRUSTFONDS ingevolge die algemene volmag te handel. Sonder inperking van die bevoegdhede van die TRUSTEES, sal hulle by magte wees om:-

9.2.1. 'n Bank- of bouverenigingrekening te open en daarop te opereer;

9.2.2. Eiendom van enige aard aan te koop, te verkoop, te huur, te verhuur en te verruil;

9.2.3. Beleggings te maak, te wysig, op te roep en her te belê;

9.2.4. Lenings toe te staan, op te roep en te vorder;

9.2.5. Trustgoed onder verband te bring vir lenings van enige aard aangegaan, insluitende Landbankverbande en verbande ten gunste van die Staat of ander openbare owerhede;

9.2.6. Huurkontrakte aan te gaan en huurgelde te vorder;

9.2.7. Kontrakte van enige aard met betrekking tot die sake en belange van die Trust aan te gaan;

9.2.8. Regsgedinge in te stel en aksies te verdedig;

MPC

9.2.9. Die Trust se belange in die geval van insolvensie of likwidasie te beskerm en al die regte van 'n skuld-eiser ingevolge die bepalings van die Insolvensiewet Nr 24 van 1936, soos gewysig, uit te oefen;

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS KAAP CAPE

9.2.10. Waarborge as borge en / of mede-hoofskuldenare te verskaf wat insluit waarborge en/of borge ten behoewe van die aanvanklike TRUSTEES en / of opvolgende / bykomstige TRUSTEES;

9.2.11. Kwitansies, ontheffings en vrywarings te gee;

9.2.12. Van die dienste van professionele adviseurs gebruik te maak;

9.2.13. Liefdadigheid uit die inkomste van die Trust te ondersteun;

9.2.14. Skenkings en erflatings te aanvaar en kwitansies daarvoor uit te reik;

9.2.15. Maatskappye, Beslote Korporasies en ander Trusts op te rig en te stig;

9.2.16. Boerdery van enige aard en enige ander vorm van sakebedrywighede te onderneem;

9.2.17. As direkteure van maatskappye op te tree;

9.2.18. Aandele onder spesiale omstandighede in hul persoonlike name as genomineerdes van die Trust te hou;

9.2.19. Te bepaal of enige ontvangste van die Trust deel van die Trust se inkomste of van die trustfonds sal vorm;

9.2.20. Kontrakte met hulself in hulle persoonlike hoedanigheid aan te gaan mits sodanige kontrakte nie tot nadeel van die Begunstigdes strek nie;

9.2.21. Tussentydse verdelings van die Trustfonds te maak en toe te ken;

9.2.22. Lewensversekeringspolisse op die lewe van die OPRIGTER, 'n TRUSTEE of enige BEGUNSTIGDE onder hierdie Trust aan te gaan en / of per sessie ten gunste van die Trust te aanvaar en om die premies daarop te betaal en om die polisse in stand te hou of op enige wyse daarmee te handel. Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van hierdie Trust en terwyl die lewensversekering op sy lewe nog bestaan, te sterwe kom, vorm die opbrengs van die betrokke polis deel van die Trustgoed;

9.2.23. By enige handeling na goeddunke die toepaslike bepalings / voorwaardes te beding en om die uitgawes met betrekking tot die Trust se sake te betaal;

9.2.24. By uit-oefening van die voormelde magte, alle dokumente te onderteken en alle stappe te doen wat nodig is om betekenisvol aan 'n besondere mag en handeling uitvoering te gee;

9.2.25. Op naam van die Trust lidmaatskap en enige kredietfasiliteite by enige landbou- en / of ander ko-operatiewe maatskappy of vereniging, of enige ander vereniging, te verkry en te benut en om vir daardie doel die Trustgoed of enige gedeelte daarvan by wyse van pand, hipoteek, of verband as sekuriteit te verbind;

## 10. LANDBANKVERBANDE

10.1. TRUSTEES het die reg om by die Land- en Landboubank van Suid Afrika (hierinlater LANDBANK genoem ) aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustgoed, roerend sowel as onroerende eiendom en op die voorwaardes soos deur Landbank bepaal en wat deur die TRUSTEES skriftelik aanvaar word;

10.2. Aangesien dit 'n voorwaarde van enige sodanige leningsaansoek is dat ten minste een van die TRUSTEES 'n bona fide boer moet wees wat permanent op die aangebode sekuriteit woonagtig is en dit eiehandig moet bewerk, moet aan hierdie vereiste voldoen word. Indien 'n TRUSTEE sou ophou om aan enige van hierdie vereistes te voldoen, is hy verplig om die Landbank onmiddellik dienooreenkomstig in kennis te stel en gelyktydig die naam en adres van die nuwe persoon te verstrek wat die amp van TRUSTEE voorts sal beklee en wat aan die gestelde vereistes sal voldoen, welke bevestiging deur die nuwe TRUSTEE in die vorm van 'n be-ëdigde verklaring vervat moet word en aan Landbank voorgelê moet word;

10.3. Die TRUSTEE waarna in die voorafgaande paragraaf verwys word, is verplig om hom afsonderlik en gesamentlik, soos die geval mag wees, te verbind as borg en / of hoofskuldenaar vir die nakoming van die verpligtinge onder die landbankverband en sodanige TRUSTEE sal aldus gebonde bly tot tyd en wyl die Landbank sodanige TRUSTEE onthef of tot op sodanige tydstip as wat die verpligtinge kragtens die verband afgeloop het;

10.4. Die TRUSTEE wat aan die vereistes soos hierintevore gestel, voldoen, is verplig, as die Landbank dit vereis, om sy lewe te verseker, ingevolge die Landbankversekeringskema wat tot gevolg het dat die verband by afsterwe van sodanige TRUSTEE onmiddellik in sy geheel betaal word. Die TRUSTEE moet toestem dat die premie op sodanige versekering bygevoeg word tot die verpligte jaarlikse terugbetaling soos deur Landbank bepaal ten opsigte van die verband. Die voordele voortspruitend uit sodanige versekering vorm deel van die Trustgoed en bevoordeel nie die versekerde TRUSTEE persoonlik nie;

10.5. Alle koste voortvloeiend uit die handeling vervat in hierdie paragraaf en welke handeling ten voordeel van die Trust is, sal deur die Trust gedra word.

## 11. AANWENDING VAN KAPITAAL

Die TRUSTEES is geregtig om in hulle absolute diskresie :-

11.1. Enige betalings wat hulle ingevolge die bepalings van hierdie Trustakte gemagtig is om uit inkomste te maak, uit die Trustgoed te doen as daar nie voldoende fondse uit die trustinkomste vir daardie doel beskikbaar is nie;

11.2. Te eniger tyd tot met be-eindiging van die Trust, dog onderhewig aan die uitoefening van die testamentêre voorbehoud in paragraaf 22 geskep en die bepalings van sub-paragraaf 11.5 hieronder, die geheel of enige gedeelte van die Trustgoed aan te wend tot die voordeel van een of meer van die BEGUNSTIGDES in sodanige verhouding of aandele, indien meer as een, en op sodanige wyse en onderhewig aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die TRUSTEES van tyd tot tyd mag bepaal en ook sonder om noodwendig die beginsel van gelykheid tussen die BEGUNSTIGDES te handhaaf;

11.3. Wanneer enige deel van die Trustgoed aan 'n BEGUNSTIGDE uitbetaal of oorgedra word, dit in kontant of goedere, of gedeeltelik in kontant en gedeeltelik in goedere, te doen. Die TRUSTEES se waardasie van enige bate wat hulle ingevolge hiervan in goedere uitkeer, is finaal en bindend op alle BEGUNSTIGDES.

11.4. Wanneer 'n gedeelte van die Trustgoed ingevolge voormelde para 11.2. aan 'n BEGUNSTIGDE of groep BEGUNSTIGDES uitbetaal of oorgedra word, te bepaal dat sodanige BEGUNSTIGDE of groep BEGUNSTIGDES dan geen verdere verwagting of bevoordeling uit die TRUST sal hê nie nieteenstaande enige ander bepalings in hierdie Trustakte vervat ;

NOTARIUS PUBLICUS TOBIAS HENDRIK LE ROUX KAAP CAPE

11.5. Ondanks enige bepaling tot die teendeel in hierdie Trustakte vervat, vestig die Trustgoed of deel daarvan nie in 'n kapitaalbegunstigde voordat hy nie die ouderdom van **AGT EN TWINTIG** jaar bereik het nie.

## 12. AANWENDING VAN INKOMSTE

Die Trust is 'n diskresionêre Trust wat die aanwending, toekenning en verdeling van trustinkomste betref en die TRUSTEES kan inkomste volgens hulle absolute diskresie aan enige bevoordeelde wat as 'n inkomstebegunstigde kwalifiseer, toeken of van hom / haar weerhou en meer in die besonder is die TRUSTEES geregtig om :-

12.1. Alle koste wat die TRUSTEES in verband met die administrasie van die Trust aangegaan het, te betaal;

12.2. Aan enige BEGUNSTIGDE sodanige bedrae betaal as wat die TRUSTEES redelik en wenslik mag ag vir die onderhoud, opvoeding en algemene welsyn van sodanige BEGUNSTIGDE sonder om noodwendig 'n beginsel van gelyke behandeling vir alle BEGUNSTIGDES dienaangaande toe te pas en sonder om die algemeenheid van die begrip, onderhoud, opvoeding en welsyn te beperk, sal dit kan insluit reise, vakansies, koste van mediese dienste, tandheelkundige dienste en soortgelyke dienste en advies, regsadvies, redelike lewensgenietinge en vermaak, belasting, algemene versorging, welsyn, opvoeding en laer en hoër onderwys, naskoolse onderrig, lewens- en ander versekerings, woongeriewe, motorvoertuig vir homself asook die vestiging van die BEGUNSTIGDE in 'n besigheid of professie of 'n huwelik;

12.3. Te besluit aan wie enige gelde of bate oorbetaal of oorhandig moet word ten gunste van enige minderjarige BEGUNSTIGDE en 'n kwitansie geteken deur so 'n gekose persoon word geag wettig te wees en dien as behoorlike bewys van die betaling of oormaking aan sodanige minderjarige BEGUNSTIGDE;

12.4. Uit die trustgoed terugbetalings aan hulself te maak ten opsigte van uitgawes wat hulle persoonlik mag aangegaan het in die uitvoering van hule pligte as TRUSTEES welke uitgawes te alle tye bewys moet word;

12.5. Inkomste in die Trust op te hoop ten einde die trustgoed aan te vul;

12.6. Netto inkomste waarop Begunstigdes gevestigde regte verkry het weens inkomsteverdeling, op leningsrekening te krediteer ten gunste van sodanige Begunstigde. Die terme van terugbetaling van sodanige leningsrekening sal in die absolute en uitsluitlike diskresie van die TRUSTEES wees.

TOBIAS HENDRIK LE ROUX
NOTARIUS PUBLICUS
KAAP CAPE

## 13. SKEPPING VAN VERDERE TRUSTS

Wanneer die TRUSTEES enige betaling van inkomste of enige toedeling van of uit die trustkapitaal oorweeg, is hulle geregtig om, na onderlinge oorlegpleging met die betrokke BEGUNSTIGDE, sodanige verdere Trust of Trusts ten opsigte daarvan te skep vir die uitsluitlike voordeel van sodanige BEGUNSTIGDE en / of kind of kinders van sodanige BEGUNSTIGDE en/of eggenoot/eggenote of weduwee /wewenaar van sodanige BEGUNSTIGDE en om sodanige inkomste te betaal of toedelings uit die trustkapitaal te betaal of oor te dra aan sodanige verdere Trust of Trusts. Die inhoud van sodanige verdere Trust of Trusts sal in hoofsaak met die inhoud van hierdie Trustakte ooreenstem tensy anders met die BEGUNSTIGDES ooreengekom en die BEGUNSTIGDES van die nuwe Trust of Trusts is beperk tot die geledere van die BEGUNSTIGDES self of sy / hulle bloedverwante. Sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die algemeenheid van voorgaande, sal die TRUSTEES geregtig wees om :-

13.1. In sodanige verdere trustdokument voorsiening te maak vir 'n vestigingsdatum vroeër of later as die vestigingsdatum hierin vervat;

13.2. Afsonderlike TRUSTEES vir sodanige Trust of Trusts aan te stel.

Die Trustees is onthef van enige verdere verantwoordelikheid vir enige deel van die trustgoed of trustfonds wat aan die TRUSTEES van so 'n nuwe Trust oorgedra is. Indien 'n Begunstigde voor die vestigingsdatum die voordele wat hierkragtens vir hom beding is, repudieer, kan sy wettige afstammelinge vir hom gesubstitueer word en is die TRUSTEES geregtig om 'n nuwe Trust of Trusts vir die gesubstitueerde Begunstigdes in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van paragrawe 13.1. en 13.2. te skep

## 14. PLIGTE VAN TRUSTEES

Afgesien van die gemeensregtelike pligte van die TRUSTEES is hulle onderhewig aan al die pligte van 'n TRUSTEE soos in die Wet op Beheer van Trustgoed Nr 57 van 1988 uiteengesit, naamlik :-

14.1. Die oorspronklike Trustakte of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan by die Meester van die Hooggeregshof in te dien;

14.2. Slegs as TRUSTEES op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester van die Hooggeregshof;

14.3 Onmiddellik 'n trustrekening by 'n bank of ander instelling op naam van die Trust open en alle gelde wat die Trust verkry in sodanige rekening deponeer;

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS

14.4. Alle bate van die Trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die Trust in besit neem en in veilige bewaring hou;

14.5. Behoorlik boek hou of laat hou van die sake van die Trust;

14.6. Alle trustgoed deurlopend afsonderlik hou of registreer sodat dit altyd as trustgoed ge-identifiseer kan word;

14.7. Nie oor enige bate van die Trust vir hulle eie voordeel of vir die voordeel van hulle boedels te beskik nie en om deurlopend met sorgsaamhied en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word.

## 15. BE-EINDIGING VAN TRUST

15.1. By be-eindiging van die Trust ingevolge enige van die moontlikhede genoem onder die woordomskrywing van vestigingdatum, word die Trustfonds wat op daardie tydstip beskikbaar is, onder die kapitaalbegunstigdes van die Trust verdeel ingevolge die voorskrifte kragtens klousule 22 gegee en, by ontstentenis van sodanige voorskrifte, gelykop;

15.2. Nieteenstaande enige andersluidende bepalings van hierdie Trustakte moet die kapitaalbegunstigdes minstens **AGT EN TWINTIG** jaar oud wees voordat 'n pro-rata gedeelte van die Trustfonds of trustbate aan hom / haar oorgemaak kan word;

15.3. Indien enige van die BEGUNSTIGDES soos in hierdie Trustakte op die vestigings- datum bepaal, tydens die duur van hierdie Trust te sterwe kom, word sodanige BEGUNSTIGDE deur sy of haar wettige afstammelinge as BEGUNSTIGDES van die Trust vervang. As sodanige oorledene nie deur wettige afstammelinge van hom of van haar oorleef word nie, is die oorblywende BEGUNSTIGDES van die Trust by be-eindiging van die Trust op die Trustgoed geregtig;

15.4. As daar by be-eindiging van die Trust geen van die benoemde BEGUNSTIGDES in lewe is nie, word die Trust voortgesit ten behoewe van diegene wat as intestate erfgename van die aanvanklike TRUSTEES kwalifiseer

## 16. BOEKHOUDING

Die TRUSTEES is verplig om behoorlik boek te hou van die sake van die Trust en om die finansiële state van die Trust jaarliks behoorlik te laat boekstaaf. Elke BEGUNSTIGDE van die Trust is op aanvraag geregtig op 'n afskrif van die jaarstate en die balansstaat van die Trust

## 17. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n TRUSTEE is nie persoonlik aanspreeklik vir enige verlies wat die Trust mag ly nie, ongeag die rede daar-voor, tensy sodanige verlies uit 'n oneerlike of growwe nalatige handeling van sodanige TRUSTEE voortspruit. 'n TRUSTEE is nie vir 'n oneerlike of growwe nalatige handeling van 'n mede-TRUSTEE aanspreeklik nie tensy daar samespanning tussen die TRUSTEES was.

## 18. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

Hierdie Trustakte kan deur ooreenkoms tussen die SKENKER en TRUSTEE gewysig word en as die SKENKER nie in lewe is nie, dan deur ooreenkoms tussen die TRUSTEE en die BEGUNSTIGDES. Die mag om te wysig het slegs betrekking op die administratiewe elemente van die Trust en kan nie aangewend word om die geledere van die kapitaalbegunstigdes aan te vul of te verander nie. Die kapitaalbegunstigdes is deurgaans natuurlike persone en hierdie vereiste is absoluut en nie vir wysiging vatbaar nie.

## 19. VERGOEDING AAN TRUSTEES

19.1. Die vergoeding wat die TRUSTEES vir hul dienste mag eis, sal sodanige redelike loon wees waarop die TRUSTEES mag besluit, maar onderworpe aan 'n maksimum van die Meester van die Hooggeregshof se tarief vir soortgelyke werk en sal jaarliks na afhandeling van die finansiële state van die Trust betaalbaar wees;

19.2. 'n TRUSTEE wat 'n Prokureur, Rekenmeester of ander professionele persoon is, is geregtig op sodanige vergoeding vir professionele dienste gelewer ewe asof hy nie 'n TRUSTEE van hierdie Trust is nie.

## 20. BEPERKINGS OP BEGUNSTIGDES

NOTARIUS PUBLICUS TOBIAS HENDRIK LE ROUX KAAP CAPE

Aangesien die Trustfonds in die TRUSTEES vestig, het die BEGUNSTIGDES nie 'n vorderingsreg op die trustgoed nie en het hulle geen reg om tydens die geldigheidsduur van die Trust enigsins met die goed te handel nie.

Die kapitaal en / of inkomste waarop enige BEGUNSTIGDE geregtig is of mag word uit hoofde van die bepalings van hierdie Trustakte, sal nie, voor die betaling daarvan deur die Trustees aan sodanige BEGUNSTIGDE:

20.1. Sedeerbaar, assigneerbaar of verpandbaar wees deur sodanige BEGUNSTIGDE nie;

20.2. Vatbaar wees vir beslaglegging deur enige skuldeiser van sodanige BEGUNSTIGDE nie of by sy insolvensie in sy TRUSTEE vestig nie.

Indien, voordat enige kapitaal en / of inkomste soos voormeld aan enige BEGUNSTIGDE betaal word :

20.3. Hy voorgee of poog om sodanige kapitaal of inkomste of enige deel daarvan te sedeer, assigneer of verpand of ;

20.4. Hy enige handeling, late of regsproses doen of toelaat waardeur sodanige kapitaal of inkomste, of enige deel daarvan, behalwe vir die bepalings van hierdie paragraaf, sou vestig in of betaalbaar sou wees aan enige ander persoon of persone, of;

20.5. Hy insolvent verklaar word of hy sy boedel oorgee;

Dan, en in enige van die gesegde gevalle sal die reg van die BEGUNSTIGDE op die kapitaal en/ of inkomste dadelik en geheel en al eindig en ten einde loop en in die ander BEGUNSTIGDES vestig asof sodanige BEGUNSTIGDE te sterwe gekom het voordat dit in hom gevestig het, onderhewig aan die voorbehoud dat, nieteenstaande enigiets strydigs hierin vervat of ge-impliseer, die TRUSTEES die mag sal hê om ten tye daarvan of op enige latere tyd of tye in hul eie en absolute diskresie, die kapitaal en / of inkomste of enige deel daarvan waarop sodanige BEGUNSTIGDE geregtig sou gewees het indien sy reg daarop nie be-eindig het in ooreenstemming met die bepalings hierbo uiteengesit nie, aan te wend vir die onder- houd, opvoeding of instandhouding of andersins vir die voordeel van alle of enige een of meer van die volgende persone, te wete, die BEGUNSTIGDE wat sy of haar reg verloor het, sy of haar gade en kinders of verdere verwante, indien enige. Alle voordele wat 'n BEGUNSTIGDE ingevolge hierdie Trust verkry, is uitgesluit van gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies asook die aanwasbedeling ingevolge Wet 88 van 1984 of enige vervangende Wetgewing.

20.6. Indien die TRUSTEES voortgaan om die gedeelte van die Trustfonds aldus te behou en te administreer, nieteenstaande die feit dat die betrokke BEGUNSTIGDE se regte ten opsigte daarvan verval het of opgehou het om te bestaan, en ten spyte van enigiets teenstrydigs in die Trustakte vervat, sal sy regte en voordele steeds op sy wettige afstammelinge oorgaan wanneer hy te sterwe kom;

20.7. Die TRUSTEES is by magte om te weier om erkenning te verleen aan enige assignasie, sessie of verpanding van 'n BEGUNSTIGDE se regte kragtens die Trustakte en om dit as nietig te beskou. Die TRUSTEES kan weier om betaling of oormakings te doen anders as direk aan of ten behoewe van 'n BEGUNSTIGDE wat as BEGUNSTIGDE van die Trust kwalifiseer. Nieteenstaande enige moontlike teenstrydige bepalings van die Trustakte, word die sessie van regte of verwagtinge van 'n BEGUNSTIGDE ingevolge die Trustakte aan 'n sessionaris wat nie 'n natuurlike persoon is nie, uitdruklik verbied.

## 21. BELASTING

Indien die SKENKER en / of 'n TRUSTEE in sy persoonlike hoedanigheid vir belasting aangeslaan word op inkomste wat aan die Trust toegeval het, is sodanige TRUSTEE of SKENKER geregtig om sodanige belasting uit die Trustfonds te verhaal.

## 22. TESTAMENTêRE VOORBEHOUD

Daar word spesiaal bepaal dat :

**CHAREL ANDRIES BRUWER - IDENTITEITSNOMMER 561220 5047 001**

die reg het om in sy / haar / hulle testament te bepaal in welke verhouding en op welke wyse die Trustfonds en / of Trustkapitaal en / of Trusteiendom by be-eindiging van die Trust onder die Kapitaalbegunstigdes van die Trust verdeel sal word en sodanige testamentêre voorskrif geniet voorrang by toewysing van die Trustbate by be-eindiging van die Trust. Sodanige testamentêre toewysing hoef nie noodwendig gelyk in grootte, waarde of omvang te wees nie.

Die reg in hierdie paragraaf vervat word nooit so uitgelê dat die afleiding gemaak kan word dat die SKENKER / OPRIGTER die reg het om die Trustgoed / fonds aan homself toe te ken nie. Slegs die Kapitaalbegunstigdes mag, by be-eindiging van die Trust uit die Trustgoed / fonds bevoordeel word.

GETEKEN TE Kakamas OP HIERDIE 15de DAG VAN November 1999

TOBIAS HENDRIK LE ROUX
NOTARIUS PUBLICUS
KAAP ★ CAPE

AS GETUIES:

1. ........................................

2. ........................................

A H BURGER - *SKENKER*

C A BRUWER - *TRUSTEE*

H C LE ROUX - *TRUSTEE*

TOBIAS HENDRIK LE ROUX
NOTARIUS PUBLICUS
KAAP CAPE

# AANVAARDING DEUR TRUSTEES

Ons / Ek die ondergetekende / s,

**CHAREL ANDRIES BRUWER en**
**HENDRIK CORNELIUS LE ROUX**

verklaar hiermee soos volg

1. Ons / Ek aanvaar die aanstelling van TRUSTEE / S van die

   **VERNEUJK PAN TRUST**

   en erken hiermee dat ons die skenking van **R100 - 00** ontvang het.

2. Ons / My beroep is soos volg:

   BOER van KAKAMAS (POSBUS 421 KAKAMAS) AFDELING GORDONIA, NOORD KAAP

   PROKUREUR van KAKAMAS (POSBUS 159 KAKAMAS) AFDELING GORDONIA, NOORD KAAP

3. Ons / Ek dra kennis van die pligte wat van regsweë op 'n TRUSTEE by die administrasie van 'n Trust rus en ons / ek onderneem om deurgaans daardie pligte na te kom.

4. Die BEGUNSTIGDES van die Trust is diegene wat in die Trustdokument as BEGUNSTIGDES omskryf word. Hulle is nie partye tot die Trustooreenkoms en hul geskrewe mening of die TRUSTEES van sekerheidstelling vrygestel moet word, is nie ter sake nie.

5. Ons / Ek onderneem om

   5.1. Onmiddellik 'n bankrekening in naam van die Trust te open en alle gelde wat deel van die Trustfonds vorm, op hierdie trustrekening te deponeer;

CB HD MPC JCS

TOBIAS HENDRIK LE ROUX NOTARIUS PUBLICUS KAAP CAPE

21

5.2. Die boeke van die Trust jaarliks by te hou en jaarliks balansstate van die sake van die Trust te laat opstel;

5.3. Die Meester van die Hooggeregshof in alle Trustsake te ken en hom van enige verlangde inligting in verband met die Trust se sake te voorsien vir sover sodanige inligting deur die Meester vereis mag word;

5.4. Deurgaans aan die bepalings van die Wet op Beheer van Trustgoed, Wet Nr 57 van 1988, soos van tyd tot tyd gewysig, te voldoen.

GETEKEN te KAKAMAS op hierdie 15de dag van November 1999.

AS GETUIES:

1. ............................................

2. ............................................

C A BRUWER

H C LE ROUX